

Maandelikse gemeentebrief April 2018

“April-gekke” lojaal aan Jesus

Daar is min van ons wat nog nie op een of ander wyse beloon is deur ’n winkelgroep se lojaliteitsprogram nie. Ons beursies kreun van al die kaarte wat die belofte van ’n beloning inhou as ons sekere winkels getrou ondersteun. Die Clicks Clubcard, Pick and Pay Smartshopper, Edgars Thank U, FNB eBucks, Discovery Vitality, SAA Voyager, Spur Family Card, Avios & Woolworths WRewards is maar ’n paar van die programme wat bestaan.

Om egter vir punte in aanmerking te kom, is die kriteria eenvoudig: Jy moet baie spandeer! Ja, daardie 10 of 20% afslag, vlugmyle of kontant-terug-opsies kom dikwels met ’n duur prys – meer skuld! In die meeste gevalle finansier ons dus ons eie “beloning”. Dit is nogal ’n gek idee!

Toe Jesus sy dissipels voorberei het vir hulle eerste sendingreis in Matteus 10 het Hy geen suikerlagie oor die uitdagings gesmeer wat hulle sou moes trotseer nie. Sy instruksies en die beloning daarvoor sou beslis nie inpas by jou tipiese lojaliteitsprogram nie. Sy leuse in vers 39 “Hy wat sy lewe ter wille van My verloor, sal dit vind” klink nie baie winsgewend nie. Die eerste dissipels het dit sommer gou besef. Hulle het baie opgeoffer op hierdie reise. Hulle eenvoudige boodskap: “Die koninkryk van die hemel het naby gekom” is baie kere nie goed ontvang nie. Hulle is dikwels weggejaag, aangerand, gevange geneem, gespot en selfs doodgemaak. Op die oog af lyk hierdie “belonings” ook dwaas en selfs gek!

Dit is interessant hoeveel “dwase” ons in die Bybel vind wat bereid was om hulle eie gemak volgens wêreldse norme en standaarde op te offer vir hulle geloof. Jesaja het kaal en kaalvoet rondgeloopt vir drie jaar (Jes. 20:1-6); Jeremia het met ’n os se juk op sy nek rondgeloopt (Jer. 28:1-17) en grond gekoop in die land van die vyand (Jer. 32:1-15); Esegïel het boekrolle van papier opgeëet (Eseg. 2:1-3:3) en Hosea het met ’n prostituut getrou en hul kinders oordeelsname gegee (Hos. 1:2-2:1). Die Nuwe Testament het ook sy kwota “dwase” opgelewer. Die invloedryke Fariseër Saulus word Paulus die apostel om maar een te noem. Hierdie mense het almal iets in gemeen. Hulle verlaat die veiligheid en gemak van anoniem-wees en stel hulself bloot ter wille van hulle geloof.

Hoe ironies is dit nie dat Opstandingdag op 1 April val nie. Tradisioneel staan dit bekend as “Gekkedag” (April Fools’ Day). Mense bak mekaar poetse en in die proses tree onwetendes soms as dwaas en met gekrenkte eer uit die stryd. Om lojaal te bly aan Jesus maak egter nie van jou ’n April-gek nie. Ons ontvang die nuwe lewe! Verlorenes (dwase as jy wil) word nou kinders van God genoem! Ja, ons optrede mag dalk dwaas voorkom vir die wêreld wanneer ons soms die ander wang draai, ons goed met ander deel, ons vyande liefhet, mekaar vergewe en bereid is om die minste te wees, maar diep binne in weet ons dit is ’n lewenstyl met baie meer wins en beloning as enige lojaliteitsprogram. Jesus het Homself vrywillig opgeoffer en onskuldig gesterf in ons plek. Hoe dwaas klink dit nie! Hy doen dit om vir ander se foute te betaal. Tog het Hy dit gedoen uit suiwer liefde vir ons! Mag ons daarom bly wees oor die geleentheid op ons pad om “dwaas” te lyk ter wille van ons geloof. Ons beloning – ’n lewe saam met Hom – oortref enigiets anders in hierdie en die volgende lewe!

Neil du Plessis